

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD



>>> BLADSY 3

Bekommerd oor brandseisoen

en vra dat daar dringende aandag gegee moet word aan die feit dat Heilbron nie 'n brandweerwa het nie.

>>> BLADSY 6

Tokollo as COVID hospitaal

Die plaaslike hospitaal in Heilbron word as Covid-19 hospitaal ingerig.

>>> BLADSY 7

Fotokompetisie

Staan 'n kans om Amrod-klere ter waarde van R750 by Heilbron Herald te wen!

Mense in die Vrystaat is besorg oor die ontwikkeling van 'n moontlike varkplaas in die gebied van die Nketoana plaaslike munisipaliteit wat besoedeling kan veroorsaak. Indien die aansoek slaag, sal die varkplaas direk langs die Petrus Steyndam en nabygeleë rivier op munisipale grond gebou word. Dit is kommerwekkend, aangesien die kennisgewing by die terrein aandui dat aansoek gedoen word om tot en met 'n duisend varke te huisves. Soos per mediaverklaring ontvang van VF Plus-raadslid, Heleen Mullder, sal die VF Plus die Nketoana-raad versoek om meer duidelikheid oor die aansoek te gee en sal die projek dopgehou word sodat dit aan al die wetlike vereistes voldoen. Die ligging van hierdie varkplaas in die omgewing is van so aard dat dit 'n kettingreaksie van besoedeling tot gevolg sal hê. Dit is naby 'n waterbron geleë wat besoedel sal word na swaar reën. Die plaas sal by die uitloop van die Middelpunt-dam gebou word en stroom af sal dit besoedeling veroorsaak. Dit is onbekend waarheen die afvalstowwe afgevoer word wanneer die plaas skoongemaak

word. Daar was nog geen sprake van 'n impakstudie wat gedoen is of gaan plaasvind nie. Heleen Mullder vertel aan Heilbron Herald dat daar reeds 'n paar varke in 'n stoor op die betrokke perseel gehuisves word. Die varke lyk goed versorg met voldoende kos en water, maar die stoor laat min tot geen lig en suurstof in nie. Die DBV is gekontak en sal blykbaar die omgewing besoek in die komende week. Daar kon tot dusver nog geen huurkontrak gevind word vir die toelating van die diere op die plaas nie. Almal is bekommerd weens Petrus Steyndam se water in die Renosterrivier afvloeï na die Wilgerivier en ten einde die Vaalrivier. Petrus Steyn sukkel daagliks met 'n watertekort en kan nie bekostig dat waterbronne verder besoedel word nie. Na aanleiding van die waterskaarste in die dorp, word vrae ook gevra oor hoe die varke versorg gaan word en waarmee die hokke skoongemaak gaan word. Die VF Plus verwelkom dit dat grond vir landbou aangewend word, maar nie as dit tot nadeel van die omgewing en sy inwoners gaan wees nie.



KORONA IN DIE OMGEWING

'n Brandweerstasie in Sasolburg het gesluit nadat twee amptenare op Vrydag 5 Junie 2020 positief getoets het vir Covid-19. Die stasie word tans, soos bevestig deur Gino Albert, Metsimaholo Munisipaliteit se woordvoerder, ontsmet. Die amptenare is tans in self-isolasie en al die werknemers is gevra om tuis te bly. Soos geskryf deur Marvin Ntsane in sy berig op OFM se webtuiste, het Gino gesê die brandweerstasie sal paraat wees en sal soos normaal op noodgevalle reageer, en word bygestaan deur die Provinsiale Verkeersdepartement en die polisie. Intussen bly die stasie gesluit vir 'n periode van 7 dae. Blykbaar kon die Vrystaat Departement van Gesondheid se woordvoerder nie bereik word vir enige kommentaar oor die saak nie.



FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE - ROYAL AUCTION CENTRE

Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135
 Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 056 813 1071
 E-pos: frankfort@bkbouwuid.co.za
 www.bkb.co.za
 Reg. No. 2005/0781734/7



*Waar sake elke keer,
 die eerste keer reg gedoen word!*

SKOOLKLOKKE LUI WEER

Indien jy in die omgewing naby Hoërskool Heilbron bly, sou jy opmerk dat die onderwysers se voertuie weer onder die afdak te sien is en af en toe die skoolklok hoor lui.

Met 'n warm gevoel in hul harte het die graad 7 en 12 leerders weer die skoolgrond betree op 8 Junie 2020 om die res van die skooljaar te hervat. Elke leerder wat by die skool opdaag se temperatuur word gemeet, hande gereinig en elkeen word van 'n masker voorsien.

Die leerders is alfabeties rangskik en in twee klasse verdeel, waar almal 1.5m van mekaar sit om 'n veilige afstand te handhaaf. Daar is ook merkers deur die hele skool geplaas om te verseker dat leerders ten alle tye 'n veilige afstand tussen mekaar behou. Plakkate is regdeur die skool en badkamers opgesit om leerders in te lig en te herinner aan die reëls en regulasies. Onder andere kan gesien word “Geen masker, Geen toegang”.

'n Isolasiestruktuur is ingerig indien daar enige probleme sou ontstaan. Behalwe die betrokke grade se onderwysers, is al die ander ook hard aan die werk en kan nie wag vir almal om weer terug by die skool te wees nie.



WENKE VIR WINTER GEWIGSVERLIES

Bron: Manna Health. Die stelling dat die meeste mense gewig optel gedurende die winter maande is geldig en dus is dit belangrik om daarop te fokus om in die wintermaande eerder gewig te verloor, of ten minste net jou gewig te behou in plaas daarvan om ekstra kilogramme aan te sit.

1. Eet vir hitte. Jy hoef nie vrugte en slaai te eet as jou liggaam klaar koud kry nie. Eet seisoenale, plaaslike kosse wat dieselfde uitwerking het en meer kosse soos groentes met digte wortels, wintergroente en kwaliteit dierprodukte. Kruie en speserye kan ook help om jou disse warmer te maak. Neem die Manna Blood Sugar Support aanvulling saam met elke ete, want dit help om kos- en suikerdrange te onderdruk.

2. Vette om maer te maak. Gesonde vette is meer as net lekker winter trooskos. Hierdie vette kan jou liggaam help om belangrike voedingstowwe meer effektief te absorbeer uit die kosse wat jy eet. Hulle is goed daarvoor om vitamien A, D en E te absorbeer. Gesonde vette speel ook 'n sleutelrol in die versekering van 'n gesonde senuweestelsel. Dit beteken dat, buiten vir gewigsverlies voordele, gesonde vette jou in 'n beter bui sit.

3. Soetigheid wat verslankend is. Dit is deel van ons natuur om soms lus te wees vir soetigheid, maar pasop vir suiker en koolhidrate, want dit kan jou in 'n oogwink gewig laat aansit. Gaan vir die gesonde opsies soos soet groente met baie voedingswaarde soos geroosterde beet, patat en 'n verskeidenheid winterpampoene en skorsies. Hierdie kosse help om jou drange na soetgoed te bevredig terwyl dit ook ekstra energie verskaf. Of kies die nuwe Manna Low GI Shake wat soet is, maar ook neutraal. Dit kan suiker- en kosdrange keer, eetlus onderdruk en jou daaglikse kalorie-inname verminder.

4. Slaap genoeg. Wanneer dit koud word buite, raak ons metabolisme stadiger. Dit maak dat ons meer wil slaap – wat nie noodwendig 'n slegte ding is nie. Die dae raak korter en die nagte raak langer, so daar is geen verskoning vir 'n paar ekstra ure se slaap nie. Gaan kruip saans vroeër in sodat jy vroeg kan opstaan en die meeste uit die beskikbare sonskyn kan kry. Om vroeg op te staan en genoeg sonlig te kry, het 'n positiewe uitwerking op jou slaapsiklus en metabolisme. Deur meer slaap voor middernag te kry – veral in die winter – sal jou gemoed meer stabiel bly. Dit sal ook middernag peuselhappies stopsit en die kwaliteit van jou slaap verbeter.

5. Oefen gereeld. Om vroeg op 'n koue wintersoggend te moet uitgaan na die gimnasium kan jou hele dag bederf nog voordat dit begin het. Dit is baie makliker om oefening in die gerief van jou eie huis te doen, dit hoef net 'n halfuur te neem! Spring tou, klim trappe, plank of self dans.



HEILBRON-TAK BEKOMMERD OOR BRANDSEISOEN

Die AfriForum-tak in Heilbron het op 25 Mei 2020 'n skrywe aan Bruce Kannemeyer, die munisipale bestuurder van die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit, gestuur om te vra dat daar dringende aandag gegee moet word aan die feit dat Heilbron nie 'n brandweerwa het nie.

“Die herfs- en wintermaande is brandseisoen – wat die dringende behoefte aan 'n brandweerwa selfs nóg meer beklemtoon. Verder is daar ook nie 'n noodvoertuig of die regte toerusting om mense onder meer by ongelukstonele by te staan nie en moet daar op buurdorpe se hulp staatgemaak word,” sê Alta Pretorius, AfriForum se distrikskoördineerder vir Mooirivier. Volgens Danie Knoetze, voorsitter van AfriForum se Heilbron-tak, het dié dorp al vir sowat agt maande nie 'n brandweerwa nie. Die bakkie wat glo as brandweerwa gedien het,



staan by 'n werktuigkundige in Heilbron en sal na raming sowat R65 000 kos om te herstel. “Die feit dat Heilbron nie 'n brandweerwa het nie, hou 'n groot risiko vir die dorp se inwoners in en kan verreikende gevolge hê sou daar 'n brand ontstaan. Die munisipaliteit het 'n verantwoordelikheid teenoor elke lid van die gemeenskap en versuim tans om dié verantwoordelikhede na te kom.”

AfriForum doen 'n beroep op lede van die gemeenskap wat die regte brandbestrydingstoerusting het, om dié toerusting in noodgevallen beskikbaar te stel. Bereidwilligers kan Knoetze by 082 974 0055 kontak.

Sluit vandag nog by AfriForum aan en help ons om 'n daadwerklike verskil in mense se lewens te maak: SMS “Heilbron” na 31481 @ R1 per sms.

AfriForum Mediaverklaring – 10 Junie 2020 deur Alta Pretorius, Distrikskoördineerder: Mooirivier.

HEILBRON LISENSIEKANTORE

Heilbron se lisensiekantore heropen op 15 Junie onder die maatreëls van die inperkingsperiode. Hiermee meer inligting oor dienslewering en verlenging van die geldigheidsperiode vir leerlinglisensies, rybewyse, lisensieskyfies, professionele bestuurspermitte en die registrasie van motorvoertuie. Op 20 Mei 2020 het die Nasionale Minister van Vervoer, Mnr Fikile Mbalula, instruksies uitgereik rondom die bogenoemde onderwerp. Die doel vir hierdie instruksies is om higiëne van die betrokke omgewings op te skerp, verlenging van die geldigheid van lisensies en die heropening van die dienste by bestuurslisensie toetssentrums, registrerende

owerhede, voertuigtoetsstasies en bestuurskole. Alle permitte wat verval het gedurende die inperkingsperiode van 26 Maart 2020 tot en met 31 Mei 2020, word geag geldig en verleng met 90 dae vanaf 1 Junie 2020. Vir die heropening van dienste word die veiligheid van kliënte geprioritiseer en werknemers moet te veel mense in een plek vermy. Wanneer 'n perseel open onder hoë kapasiteit mag 180 kliënte per dag gehelp word, medium kapasiteit beteken 90 kliënte kan gehelp word en lae kapasiteit tot en met 20 kliënte. Verskeie kantore in die Fezile Dabi distrik het onder hoë kapasiteit hulle deure geopen op 1 Junie 2020, maar Heilbron val onder lae kapasiteit en mag eers op 15 Junie weer hulle dienste hervat.



WINTERTYD

Die Huis-en Tuinbouklublede het Woensdag, 10 Junie weer 'n digitale vergadering gehad waar almal saam kon luister na Martie van Jaarsveld waar sy meer vertel oor 'n winter tuin. Dawn Wessels was die tweede spreker om die lede in te lig en te vermaak met meer oor winterkos. Louise van der Westhuizen het hierdie vergadering gereël en geopen met skriflesing uit Ps 93:4 en gebed. Lees meer in volgende week se koerant!

THINK | SHOP | SUPPORT

LOCAL

Ons wil help om u besigheid meer sigbaarheid te bied

SPESIALE ADVERTENSIE-TARIEWE

SLEGS VIR DIE 26 JUNIE UITGAWE

50% AFSLAG

Heilbron Herald

BESPREEK NOU BY
heraldnuus@heilbron.co.za
john@heilbron.co.za

Face Shield
Adults: R85
Kids: R30

Safety Shields
R650 (600x800mm)

Herald

Office National



Herald

Office National

Logitech MK220

Space-saving wireless keyboard and mouse combo

WAS R619
R319

Latest Releases

Late-Nite Video

Heilbron

Star Wars: Episode 9 – The Rise of Skywalker

Bombshell

Jumanji 2: The next Level

Kerkstraat 42 C / 42 C Church street
072 807 7790 ★ 076 868 3837



UIT DIE PEN

Ek moes twee familieleden aan die dood afstaan. Baie mense rondom my moes al meer mense finaal groot. Dit is seker die hartseerste ding ooit, want jy kan nooit weer met hulle praat of hulle drukkie gee nie.

Ek wonder baie kere oor wat my sussie van hierdie tye sou sê? Sou sy dieselfde sepies as ek gekyk het? Van watter modes sou sy gehou het en hoe sou sy haar dik bos rooi hare gedra het? Sou sy teen hierdie tyd al 'n kosmetiese operasie gehad het? Of dalk iewers verder in die musiek gaan leer het? (Ek twyfel, sy was, soos ek, moeg vir leer. Ons weet klaar alles!) Dalk sou sy van ons honde gehou het, of my aanmekeer vertel het dat honde eintlik buitekant moet slaap? Hoe sou sy haar volgende verjaarsdag gevier het en watter kar sou sy van hou? Sou sy ook gedink het dat die dra van maskers ongerieflik en verpestelik is?

O, ja, sy sou! Ons sou saam daarvoor gekerm het, maar soos een man die goeters opgesit het wanneer ons winkel toe sou gaan. Al is dit met 'n gemor.

Ek wonder oor my ou pa: wat

sou hy van die regering se nuutste manewales gedink het? Wat sou hy in hierdie dae gemaak het as hy nie een van sy kinders kon sien nie? En dit al vir 11 weke lank! En wanneer gaan al hierdie kinders weer teruggaan skool toe? Hy sou vreeslik na sy kleinkinders en agterkleinkinders verlang het. Sou hy kon saamleef met sy masker? Gonna, hy kon gou benoud raak! Ek wed jou hy sou nie met sy masker reggekom het nie. Sou hy die hele tyd sy hande ontsmet het (ek haat steeds die woord "saniteer")? Sou hy onthou het om sy klerie ook met alkohol te spuit? Soos ek hom ken (geken het?) sou hy sekerlik vir my ma gesê het dat hy eerder nie wil uitgaan nie, want al hierdie rituele sou hom warm onder die kraag gehad het.

Ek hoor hom al sê: "Oh, my klerietjie, nee." Jy het sekerlik Woensdag se berig in die koerant of op Netwerk24 gelees: Oom Jack van Reenen is 85 jaar oud en was tot met aftrede die skoolhoof van Laerskool Eversdal in Durbanville. Oom Jack se vrou lê in die siekeboeg van 'n aftreeoord. Met die inperking kan oom Jack nie by sy vrou in die kamer gaan kuier nie al wil hy ook hoe graag. Hy stap twee keer per dag vanaf sy woonplek in 'n aftreeoord na sy vrou van 60 jaar se siekeboeg. Daar gaan groet hy eers al die personeel en gee sjokolade en vrugte daar af om vir sy vrou te gee. Dan vat oom Jack sy klerie en stap buite-om die gebou en tik aan sy vrou se kamervenster. Sy maak dan haar kamervenster oop. Hy maak sy omgekeerde asblik staan

buitekant sy vrou se kamervenster. Hy druk sy klerie in die venster om dit oop te hou, en dan begin hy en die tannie gesels. Terwyl ek die berig lees, loop die trane, want ek sien my ou pa in dit wat hy doen. My ou pa en ma was vir 63 jaar getroud toe hy in September 2018 dood is. Op my rekenaarskerm rol ek af tot by die foto wat wys hoe oom Jack by sy vrou se venster sit. En toe tjank ek eers. Oom Jack se hele liggaamshouding lyk soos dié van my ou pa. Hy sit vooroor soos wat ou pa altyd gedoen het. Sy klerie is altyd byderhand, soos ou pa s'n. Alhoewel ou pa seker vier kleries gehad het: een in die kamer, een in die badkamer, een in die kombuis en een in sy garage. Want iewers was daar altyd een wat soek was. Soos wat ek na oom Jack kyk, weet ek dat dit presies is wat my ou pa sou doen as my ma in die versorgingsoord sou wees en hy nog

elke dag fluks kon stap. Hy sou berge versit om haar te sien. Al was dit om net by my ma te sit en niks te sê nie. My pa sou 'n oom Jack gewees het. Ek stuur die foto na ons familiegroepie en vertel dat oom Jack soos ou pa lyk. My skoonsus reageer: Oom Jack se klerie lyk dan net soos ou pa s'n. My boetie sê dat dit selfs lyk soos ou pa se hoedjie. Ek tjank al weer oor my ou pa. Ja, sê ek, selfs die klerie is my pa s'nne uitgeknipt. Ek kyk na die foto wat ek opdiep uit my arsenaal: my ou pa met dieselfde kleur klerie as oom Jack, dieselfde hoedjie. Dieselfde vooroorgeboë oumenslyfie. Ek verlang so na my ou pa dat ek twee foto's uitdruk en dit langs my rekenaar plak: netnou vergeet ek hoe hy lyk. Gelukkig is daar iemand soos oom Jack wat my aan hom gaan herinner.



85-jarige trakteer só sy vrou in siekeboeg

Herald Office National

NEW CLOTHING AND APPAREL CATALOGUE NOW AVAILABLE

GREEN LABEL GARMENTS

- 80/20 Poly-cotton
- Triple-stitched
- Inner leg & back side
- Monzi Breast Pocket
- Sizes 12-52

FROM R154.50

Also contact us for updates on Police Sales, Long sleeve, Distressed, Short sleeve, Polo shirts

OJ'S RESTAURANT 058 852 1319

058 852 1319

ELKSTRAAT 44, POSBUS 166, HEILBRON

TEL: (058) 852 3033/4/5 • FAKS: (058) 853 0140

WWW.HEILBRONHERALD.CO.ZA

E-POS ADRESSE

Abrie Watson abrie@heilbron.co.za • John Watson john@heilbron.co.za

Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za

Celésté herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)

Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)

Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)

Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)

Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)

Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)

Silma heralduus@heilbron.co.za - Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz asook op webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

KENNISGEWINGS

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NUMBER T30863/1999** passed by Leonard Anthony Seaman, Identity Number: 540228 5037 001, Married out of community of property, in favour of **MARIA MAGTHILDA VAN EYK**, Identity Number: 560203 0036 0036 08 9, Unmarried in respect of remaining extent of Erf 481, Oranjeville, district Heilbron, Province Free State, in Extent 1 365 (One Thousand Three Hundred and Sixty Five) Square Metres which has been lost or destroyed. All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice. Dated at Bloemfontein on this 10th day of June 2020.

KRAMER, WEIHMANN & JOUBERT INC.
24 BARNES STREET
WESTDENE, BLOEMFONTEIN
aniche@kwi.co.za
051 411 4000

NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the Insolvent Estate of the Late **JOSEF JOHANNES MYBURGH GERMISHUYS**, Identity Number 670708 5043 085, in life married, living at 15 Stasiehof, district Heilbron, 9650, Province Free State, **ESTATE NUMBER: 3716/2016**. Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and Distribution Account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Heilbron Magistrate Court. If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account. (GET) **AA SCHUTTE CORNELIUS & PARTNERS INC**
40 CHURCH STREET
P.O. BOX 205
HEILBRON 9650
TEL: 058 852 2035

Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685

R

TE HUUR DIE RUS INGEAAN

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen
079 040 0531

G

† Alina Magsiane Lenong is oorlede in die ouderdom van 56. Die begrafnis het plaasgevind op 30 Mei 2020. Sy laat na haar familie en vriende.
† Elizabeth Tau is oorlede in die ouderdom van 77. Die begrafnis vind plaas môre, 13 Junie 2020. Sy laat na haar familie en vriende.
† Nanki Martha Mbele is oorlede in die ouderdom van 42. Die begrafnis vind plaas op 20 Junie 2020. Sy laat na haar familie en vriende.

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars
Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elkstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
WWW.HEILBRONHERALD.CO.ZA
E-POS ADRESSE

Abrie Watson abrie@heilbron.co.za • John Watson john@heilbron.co.za
Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
Celésté herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
Silma heralduus@heilbron.co.za - Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz asook op webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

DIENTE SMALLS

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

SUNDAY 21 JUNE 2020

FATHERS DAY

Andries Muller
072 447 7446

Vrystaat 23, Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring
082 851 6158 of
Piet Meiring
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

R

HOME GYM

Ek is opsoek na 'n Home Gym.
Stuur foto en prys na 072 664 3512
Kontak Marthinus van Tonder

DB

GiG Technologies (Pty) Ltd.

- Alarm Systems
- Web Development
- Computer Products
- Internet Service
- Computer Repairs
- CCTV Installations

Contact us for all your technical needs!
Address: P.O. Box 4405, Heilbron 974 279 0000
Email: info@gigtechnologies.co.za

Jenny Wireless Internet
www.jenny.co.za
087 170 0000

INFRARED THERMOMETER **LIMITED STOCK!**

FEATURES:

- Automatic alarm at $\geq 38^{\circ}\text{C}$
- Accurate to $\pm 0.2^{\circ}\text{C}$
- Backlight clear reading
- Measure body temperature within 0.5 seconds
- Non-Contact 5cm-10cm

R1350

Price includes VAT & batteries
058 852 3033

Herald Office National

Die plaaslike hospitaal in Heilbron word as Covid-19 hospitaal ingerig.

Hierdie stelling is wyd deur inwoners van Heilbron bespeek asook op sosiale media oor gepraat, ná gerugte dat die hospitaal aangewys is as die streekshospitaal waar persone wat ligte Covid-19 onder lede het, opgeneem gaan word. Die meer ernstige gevalle sal blykbaar na Sasolburg of Kroonstad oorgeplaas word. Soos berig deur Netwerk24, wou die Departement van Gesondheid nie hierdie gerugte laas week Donderdag bevestig nie. In die berig, geskryf deur Alet van der Walt, het gesondheidswerkers van die hospitaal bevestig dat pasiënte wat in die hospitaal is vir ander mediese redes, oorgeplaas word na hospitale in die omliggende dorpe. Daar is nog onsekerheid waarheen noodsaaklike mediese gevalle verwys sal word en dit wek groot kommer onder inwoners. Die Vrystaatse Departement van Gesondheid se woordvoerder, Mondli Mvambi, sê dat hy geen kommentaar gaan lewer oor planne rondom die pandemie nie en dat mense nie planne moet bespreek wat nog nie gefinaliseer is nie. Inwoners van die dorp is woedend omdat hierdie planne h geheim gehou word en voel dat hulle ingelig behoort te wees oor hierdie gebeure.

Volgens inligting deurgegee vanaf die Fezile Dabi-distrikgesondheidsdienste, funksioneer Tokollo-distrikshospitaal tans soos



TOKOLLO AS COVID HOSPITAAL

normaal. Veranderinge aan die funksionering van die hospitaal sal altyd deurgegee word deur amptelike mediaverklarings. Weens die inligting wat verlede week op gemeenskapsgroepe geplaas is, het mense opgehou om na die hospitaal toe te gaan. “Ons beveel sterk aan dat inligting nie deur gemeenskapslede versprei moet word om die publiek te verwar nie, aangesien dit tot lewensverlies kan lei.” Mense word dus gerus gestel dat die

hospitaal veilig is om te besoek. Tot dusver het munisipaliteite in die Ngwathe-distrik steeds die meeste gevalle van 19.

Soos per verklaring op 9 Junie uitgereik, is in die Vrystaat teen druktyd 370 Covid-positiewe gevalle, met 162 wat herstel het en h dodetal wat staan op 10. Volgens die departement het Heilbron-kliniek sy deure op 1 Junie gesluit omdat hulle in kontak gekom het met mense wat positief getoets het vir die virus. Daar is nie bekend

gemaak of en hoeveel van die personeellede positief getoets het nie.

Die Heilbron dorpskliniek het weer heropen op Maandag, 8 Junie, en funksioneer nou weer normaal nadat die perseel ontsmet is op 5 Junie 2020.


Alhoewel die virus verskillende periodes op omgewingsoppervlaktes oorleef, word dit maklik vernietig deur chemiese ontsmettingsmiddels.

TERUGBLIK



Die Dienssentrum se funksies staan nou stil as gevolg van die inperkingsperiode. Onder die Covid-19 regulasies kon hierdie gebeure nog nie hervat nie. Verlang na vasvrae, kettieskiet en teetyd. Hiermee h herinnering van plasing in Heilbron Herald, 11 Mei 2018 – Tonne pret by Dienssentrum. Oom Steyntjie en Tannie Maggie Steyn op die foto het twee weke gelede in die eg getree. Die Dienssentrumlede het hierdie week h heerlike program gehad van vasvrae. Hulle het dit goed gedink om die nuwe egpaar in twee verskillende spanne in te deel om teen mekaar mee te ding. Die dag het tonne pret opgelewer.

Talle Heilbronners se hare is lank en uitgegroe, naels is afgekou en die liefde vir skoonheidsorg moet jy nou self onder die knie kry. Hopelik verander dit vandag 12 Junie, wanneer die Demokratiese Alliansie (DA) om 10:00 die saak aan die Wes-Kaapse hooggeregshof sal voorlê om die irrasionele en ongrondwetlike verbod op persoonlike sorgdienste en haarkappers omver te werp. Dit is ’n belangrike saak vir die DA, maar ook vir die honderde duisende Suid-Afkaners wat hul lewensbestaan laat verbrokkel het deur die regering se gebrek aan optrede om gesondheidsregulasies in te stel wat sal toelaat dat haarkappers, skoonheidskundiges en tatoeëerkunstenaars in



’n veilige omgewing kan werk vir hulle en hul kliënte. Soos per ANA persverklaring op 11 Junie 2020 sien die DA uit na hierdie geleentheid om hierdie hardwerkende mans en vroue in die persoonlike sorgbedryf hopelik weer aan die gang te kry, sodat hulle ook ’n dak oor hul kop kan hou en kos op hul tafel kan sit.

MISHANDELING VAN 'N BEJAARDE

• **Heilbron Kliniek**

Mishandeling van bejaardes word as ’n baie ernstige oortreding beskou en is strafbaar met die wet. Daar is verskillende vorms van mishandeling, nie net fisiese mishandeling nie.

TIPES MISHANDELING:

1. Fisieke mishandeling:

Hierdie tipe mishandeling kan verskeie vorme aanneem soos onder andere blatante aanranding, skending van privaatheid, weerhouding van noodsaaklikhede

vir daaglikse lewe en dwangbeheer – die vasmaak van ’n bejaarde.

2. Verwaarloosing:

Dit vind plaas wanneer daar nie aan behoeftes voorsien word nie. Swak versorging kan op verskeie maniere plaasvind soos die verkeerde diagnose vir medisyne, swak ongewingshigiëne en die versuim om aandag te gee.

3. Psigiese, sosiale en emosionele mishandeling:

Die vorme wat die tipe mishandeling aanneem is

gewoonlik isolasie, onvriendelikheid en die diefstal van geld, klere of besittings.

4. Finansiële mishandeling:

Dit vind plaas met die beslaglegging van ’n ’’bejaarde se inkomste en eiendom, afpersing van die bejaarde en onregmatige hoë huur vir losies.

5. Seksuele mishandeling:

Dit is die mees bedekte vorm van mishandeling. Vir die professionele persoon is dit baie moeilik om te ontdek en te hanteer. Die bejaarde word ook dikwels gedreig om stil te bly.

WEERVOORSPELLING

Vr 12 Junie	-1 / 10	Sonnig
Sa 13 Junie	-6 / 14	Sonnig
So 14 Junie	-4 / 15	Sonnig
Ma 15 Junie	-3 / 15	Sonnig
Di 16 Junie	0 / 16	Sonnig
Wo 17 Junie	-1 / 16	Sonnig
Do 18 Junie	-1 / 17	Sonnig
Vr 19 Junie	1 / 16	Sonnig
Sa 20 Junie	2 / 17	Sonnig
So 21 Junie	2 / 17	Sonnig
Ma 22 Junie	2 / 18	Sonnig

EK HET GEVAL – BEJAARDES



KOMPETISIE TYD BY HERALD

Aangesien die jagseisoen nou in volle vaart mag wees, het jy kans om te spog met daar-die jagfoto wat al geneem is gedurende die jagseisoen. Die jagters staan ’n kans om Amrod klere ter waarde van R750 by Heilbron Herald te wen.

Om in te skryf, volg die volgende eenvoudige stappe en hierdie prys is joune. Stuur jou jagfoto via Facebook-messenger na die Heilbron Herald Facebook blad waarna ons dit op die blad sal laai sodat soveel as moontlik “likes” gewerf kan word. Stuur vir ons ’n beskrywing oor die jagtog, bok en ervaring saam met die foto en jagter se naam en van. Motiveer solank vriende en familie om jou foto te ondersteun. Foto-inskrywings sowel as “likes” sluit 26 Augustus om 08:00 en geen meer foto’s of likes word na hierdie datum en tyd meer aanvaar nie. Die wenner sal in die koerant aangekondig word op 28 Augustus 2020.

Vir enige navra skakel Silma by 058 852 3033. Sterkte aan al die deelnemers!

Bepalings en voorwaardes:

Die deelnemer moet Heilbron Herald se Facebook-blad volg om in te skryf.

Heilbron Herald sal die kompetisie beoordeel, uit die inskrywings wat ontvang is teen 14 Augustus.

Heilbron Herald besluit ten opsigte van diegene wat deelneem en die keuse van die wenner is finaal. Geen korrespondensie met betrekking tot die kompetisie sal aangegaan word nie.

Slegs die foto’s op die Heilbron Herald Facebook-blad se “likes” sal in ag geneem word vir die kompetisie.

Enige Facebook reaksie tel vir die kompetisie, dit wil sê: “ Like, Love, Care, Haha, Wow, Sad en Angry” gebruik kan word en getel sal word as ’n “like”.

Slegs jagters wat geskiet het in 2020 mag vir die kompetisie deelneem.

Die wenner is self verantwoordelik om reëling te kom tref by Heilbron Herald.

HERALD

DR SERF SE HOSPITAAL KRY NA 30 JAAR EERSTE AMBULANS

Heilbron het in 1936 amptelik sy eie hospitaal in gebruik geneem - waarvan dr D. J. Serfontein 'n onlosmakende deel geword het.

Die dood van 'n vrou in 1917, ontsê van alle professionele hulp en omstandighede het aanleiding gegee tot die oprigting van die hospitaal.

Mnr MJ (oom Tienie) Grobler het op 26 Mei 1917 die aangeleentheid onder die aandag van die Kerkraad gebring en 'n voorlopige komitee bestaande uit ds SJ Perold, eerw JW Kok en mnr Grobler, het die aangeleentheid ondersoek.

Die hospitaal is uiteindelik op 18 Maart 1936 geopen deur mnr JC Buys LUK.

Dr. Serfontein het hom onverpoosd beywer vir beter fasiliteite in die hospitaal en toereikende dienste.

Die hospitaal het deurentyd fondse ingesamel vir verbeterings, en die munisipaliteit asook die Provinsiale Administrasie het ook nie altyd fondse beskikbaar vir die doel gehad nie. In dié verband het dr Serfontein 'n groot bydra gelewer, tot so 'n mate dat die hospitaal later na hom vernoem was.

Die eerste hospitaalraad wat in 1919 saamgestel is, het bestaan uit mnr CJ Roos (voorsitter), en die ander lede wat genoem word was kmdt Els, kmdt Dawid van Coller, mnre Raubenheimer, Greenman en L Naude. Die sekretaris/penningmeester was oom Tienie Grobler.

Op 'n stadium het die fondse wat benodig en beskikbaar was om die hospitaal op te rig nie gerealiseer nie en is R2000 van wyle oom Koos Groenewald met rente geleen.

Huidig word die hospitaal genoem die Tokollo hospitaal nadat die provinsie dit opgegradeer het na 'n vlak 1 hospitaal. Net sekere operasies en behandelings word hier gedoen en die staatspasiente word verwys na Kroonstad, Welkom of Bloemfontein.

Heilbron se inwoners het in 1965 saamgestaan en na 30 jaar (1936) hul eie ambulans deur fondsinsameling aangekoop - sien berig hiernaas!

Time Gentlemen - Tom Watson

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma 083 363 6553.

DIE HEEL HEERSTE AMBULANS



Daar het groot behoefte vir 'n ambulans bestaan! Die Hospitaalraad het in sy vergaderings dit sterk gevoel; die stadsraad het die noodsaaklikheid bespreek!

Tot 1964 is daar deur geen persoon of instansie die moontlikheid egter in gesien, om so 'n groot belegging te maak nie. Op straat en in die plaaslike pers, is die dringende aangeleentheid dikwels druk bespreek, maar op geen enkele wyse kon dit konkritiseer nie.

By Mnr. A. T. Watson het die plan toe ontstaan, dat die Heilbron Herald, onder beskerming van Raadslid H. Bogaards (toe by die stadsraad tasbaar met die afdeling Hospitalisasie), 'n fonds sal stig vir die aankoop van 'n ambulans vir Heilbron, om sodoende aan die ernstige behoefte in die moderne gemeenskap van Heilbron te voorsien.

Hierdie metode om 'n ambulans vir Heilbron te verseker deur publieke hydrae, het die moeite geloën. Deur welmenend sy goedkeuring dadelik tasbaar te bewys, het die stadsraad R500 geskenk en is die fonds in Februarie 1965 van stapel gestuur.

Op inisiatief van Mnr. A. T. Watson het die Heilbron Herald al die organisasie en invordering onderneem en in sy nuuskolomme gereeld die finansiële barometerstand van die ambulansfonds erken.

In Junie 1966 (sic!) is die ambulansdiens in werking gestel en dra die trustees, Mnre. Bogaards en A. T. Watson die opregte dankbaarheid van die publiek weg!

As blyke van sy erkentlikheid, het die stadsraad aan die trustees van hierdie fonds, die titel van Ere-beskermhere van hierdie sowel as toekomstige ambulansenhede opgedra; daarby het die stadsraad die verantwoordelikheid aanvaar om die eenheid in stand te hou.

Hierdie eerste ambulans het 'n eie fonds opgebou, 'n „hernuwingsfonds". In 1970 is daar weer deur dieselfde trustees 'n tweede fonds van stapel gestuur, en mede met die „hernuwingsfonds" kon op 8 Maart 1973 'n tjek oorbetal word aan die munisipaliteit vir R2 169,95 en is daar 'n tweede, groter en moderner ambulans aangekoop.



SUDOKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 16 JUNIE 2020

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

WOENSDAG - 17 JUNIE 2020

VILJOENSKROON : NIEKERKERKRUST SAVM
SAVM skape
11:00, Niekerkersrust, Viljoenskroon
Schalk Jonker 073 007 0022

DONDERDAG - 18 JUNIE 2020

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Marco Reinecke 079 493 9755

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

VRIDAG - 19 JUNIE 2020

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkb-louwid.co.za



**BONUS
HARDWARE**

**40kg
Antrasiet
nou beskikbaar**

058 853 0169
31 BREE STREET | HEILBRON

Heilbron • Edenville • Frankfort

Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige
Lewendehawe bemaking,
Uit-die-hand-transaksies of
veiling navrae!

www.vieissentraal.co.za

VIESENTRAAL

JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Seb: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067